# 137 *Gee ons vrymoedigheid, Heer*
## (Handelinge 4:29)

1. Van u Koninkryk getuig ons,
   Ons verkondig u groot naam.
   Daar is baie wat ons teëstaan,
   Teen ons planne bly beraam.
   Maar ons wil nie mense vrees;
   Op al u wette wil ons let.
   Vir u gees smeek ons dus aanhoudend;
   O Jehovah, hoor ons gebed.

(*REFREIN*)

*Gee vrymoedigheid aan ons, Heer,*
*Sodat ons nie moed verloor.*
*Maak ons vreesloos, vol vertroue—*
*Almal moet die boodskap hoor.*
*Armageddon lê vir ons voor;*
*Daar is min tyd vir mense oor.*
*Gee vrymoedigheid aan ons, Heer.*
*Dis ons gebed.*

2. Soms is ons vol vrees en angstig,
   Ons is stof, dit weet u goed.
   U beloof u sal ons bystaan;
   Dit gee ons geloof en moed.
   As vervolgers ons dan dreig,
   Sal ons vrymoedig van u spreek.
   Met u hulp sal ons altyd voortgaan
   Om getrou in u naam te preek.

(*Refrein*)

(Sien ook 1 Tess. 2:2; Heb. 10:35.)

*snylpnw*-AF Nr. 137 9/14
© 2014 Watch Tower Bible and Tract Society of Pennsylvania